# Homoseksuele verhoudings: Besluit van Algemene Sinode 2015.

**Thys Maree (MJ)**

**2015-10-25**

Die Algemene Sinode van die NG Kerk het op 9 Oktober 2015 besluit dat homoseksuele paartjies se "verbintenisse" erken word en dat diegene ook toegelaat sal word om as leraars in die kerk te dien.

1. **Ek kan my glad nie met die besluit vereenselwig nie en wel om die volgende redes:**
   1.1. Die Bybel as die spesifieke openbaring van God se wil, kan nie ondergeskik aan die "*die beste huidige menswetenskaplike bevindings"* gestel word nie.
   1.2. Die duidelike Bybelse bevel teen homoseksuele verhoudings word eenvoudig geïgnoreer.
   1.3. Daar word geargumenteer dat die uitsprake oor homoseksuele verhoudings gelyk is aan die kwessie of vrouens hoede in die kerk moet dra of varkvleis wat nie ge-eet mag word nie. Dus dat homoseksuele verhoudings 'n beginsel is wat in ons dag wel toelaatbaar is. Tog lê die beginsels geensins op die dieselfde vlak nie!
   1.4. Daar word erken dat hierdie besluit nie in Namibië kan geld nie omdat hul landwette nie daarvoor voorsiening maak nie. Waar lê die gesag van die sinode?
   1.5. Erken "... *die reg van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël.".* Wat 'n lamsakkige besluit! Die sinode het nie eers die moed van sy eie oortuiging om dit as 'n besluit deur te gee en aan te beveel nie!
   1.6. Die besluit staan lynreg teenoor die Gereformeerde belydenisskrifte.

2. **Die besluit:**

*2.1 Die Algemene Sinode herbevestig die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind haarself tot die handhawing van die menswaardigheid van alle mense.*

*2.2 Die Algemene Sinode verklaar dat hetero- en homoseksuele persone wat in 'n verhouding van persoonlike geloofsgehoorsaamheid aan die Here leef, ten volle kan deelneem aan al die voorregte van die kerk as verbondsgemeenskap.*

*2.3 Die Algemene Sinode herbevestig die besluite oor die huwelik van 2004, 2007 en 2013 dat slegs die verbintenis van een man en een vrou as 'n huwelik beskou word.*

*2.4 Die Algemene Sinode besluit om in die lig van 2.1 hierbo erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou – en maak voorsiening dat hierdie verbintenisse deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.*

*2.5 Dieselfde Christelik-etiese standaarde (leer en lewe) geld vir die legitimasie en ordening van alle persone. Punt 7 van die besluit van 2007 verval.*

*2.6 Die Algemene Sinode erken die diversiteit van beskouinge oor selfdegeslagverbintenisse binne die NG Kerk en bevestig die reg van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël.*

*2.7 Die Algemene Sinode bevestig die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes te hanteer en versoek hulle om dit in 'n gees van Chirstelike liefde te doen.*

*2.8 Die Algemene Sinode bied hierdie besluite oor selfdegeslagverhoudings aan met nederigheid na 'n ernstige soektog en as die beste toepassing van die boodskap van die Bybel soos ons dit tans verstaan. Die Algemene Sinode versoek lidmate, gemeentes en kerkvergaderings om weereens op 'n selfstandige soekproses na die toepassing van die boodskap van die boodskap van die Bybel hieroor te gaan. In die soektog kan studiestukke van die Algemene Sinode van 2007, 2011, 2013 en 2015 ernstig gelees word. In lyn met NGB art 2 behoort besondere en algemene openbaring gebruik te word, d.w.s. die beste huidige menswetenskaplike bevindings.*

*2.9 Die Algemene Sinode besluit om 'n Christelik- Bybels- etiese model oor die seksualiteit vir alle mense te ontwikkel om gemeentes te begelei in die lig van voorafgaande besluite. Hierdie saak word ook verwys na die Projekspan vir Leer en Aktuele Sake, wat reeds 'n soortgelyke opdrag op A.p172 punt 7.4 ontvang het.*

*2.10 Die Algemene Sinode besluit om 'n bevatlike oorsig van die NG Kerk se reis met homoseksualiteit saam te stel en te versprei om gemeenteleiers te bemagtig in die begeleiding van gemeentes oor hierdie saak.*

Die sinode het ook besluit dat 2.4 van hierdie besluit nie van toepassing is op die sinode van Namibië nie, omdat Namibiese landswette nie voorsiening maak vir verbintenisse tussen mense van dieselfde geslag nie.

**3. Redes vir teenkanting:**

3.1. Die Bybel as die spesifieke openbaring van God se wil, kan nie ondergeskik aan "die beste huidige menswetenskaplike bevindings" gestel word nie.

3.1.1. "Dít veral moet julle weet: geen profesie in die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie, want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig." 2 Petrus 1:21

3.1.2. "Ons aanvaar al hierdie boeke, en hulle alleen, as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grondves en daarmee te bevestig. Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is, nie juis omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is. Hulle het ook die bewys daarvan in hulleself, aangesien selfs die blindes kan tas dat die dinge wat daarin voorspel is, plaasvind." Nederlandse Geloofsbelydenis: Artikel 5. DIE GESAG VAN DIE HEILIGE SKRIF.

3.2. Die duidelike Bybelse bevel teen homoseksuele verhoudings word eenvoudig geïgnoreer.

3.2.1. “Jy mag nie 'n homoseksuele verhouding hê nie. Dit is 'n afstootlike sonde.” Lev. 18:22

3.2.2. “Twee mans wat homoseksueel verkeer, doen 'n afskuwelike sonde. Hulle moet doodgemaak word. Hulle verdien die dood.” Lev. 20:13

3.2.3. “Daarom gee God hulle oor aan skandelike drifte. Hulle vroue verander die natuurlike omgang in 'n teen-natuurlike omgang. Net so laat vaar die mans ook die natuurlike omgang met die vrou en brand van begeerte vir mekaar. Mans pleeg skandelikhede met mans en bring oor hulleself die verdiende straf vir hulle perversiteit. En omdat hulle dit van geen belang ag om God te ken nie, gee Hy hulle oor aan hulle verdraaide opvattings, sodat hulle doen wat onbetaamlik is. Hulle is een en al ongeregtigheid, slegtheid, hebsug en gemeenheid; hulle is vol jaloesie, moord, twis, bedrog en kwaadwilligheid. Hulle skinder en praat kwaad; hulle haat God, hulle is hooghartig, aanmatigend, verwaand; hulle is mense wat kwaad uitdink, ongehoorsaam aan hulle ouers; hulle is onverstandig, onbetroubaar, liefdeloos, hardvogtig. Hulle is mense wat die verordening van God ken dat dié wat sulke dinge doen, die dood verdien, en tog doen hulle nie net self hierdie dinge nie, maar hulle vind dit ook goed as ander dit doen.” Rom 1: 24-32

3.2.4. “'n Mens moet onthou dat die wet nie vir die wetsgehoorsame bedoel is nie, maar vir mense wat hulle nie aan wet en orde steur nie, goddeloses en sondaars, mense sonder eerbied vir wat heilig en gewyd is, dié wat vader of moeder doodmaak, moordenaars, ontugtiges, mense wat homoseksualiteit beoefen, ontvoerders, leuenaars, dié wat meineed pleeg of enigiets anders doen wat met die gesonde leer in stryd is.” I Tim 1:9,10

3.2.5. Moenie julleself mislei nie: geen onsedelikes of afgodsdienaars of egbrekers of mense wat homoseksualiteit beoefen of diewe of geldgieriges of dronkaards of kwaadpraters of bedrieërs sal deel kry aan die koninkryk van God nie. I Kor. 6:9,10

3.2.6. “Het julle nie gelees dat die Skepper hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie? Daarby het Hy gesê: ‘Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe en hulle twee sal een wees.’” Matt. 19:4,5

3.3. Daar word geargumenteer dat die uitsprake oor homoseksuele verhoudings gelyk is aan die kwessie of vrouens hoede in die kerk moet dra of varkvleis wat nie ge-eet mag word nie. Dat die homoseksueleverbod ’n beginsel is wat in ons dag wel toelaatbaar is. Tog lê die beginsels geensins op die dieselfde vlak nie!

3.3.1. “Oordeel julle nou maar self: is dit betaamlik vir 'n vrou om sonder iets op haar kop in die erediens tot God te bid?” I Kor. 11:13. Die sterkste woord wat hier gebruik is “betaamlik”. Paulus self sê: “Oordeel julle nou maar self...” Vergelyk ’n mens dit met die taal wat vir homoseksualiteit gebruik word van “gruwel vir God” en “sal (nie) deel kry aan die koninkryk van God nie” is dit duidelik dat dit glad nie op dieselfde vlak lê nie.

3.3.2. Die Bybel moet gelees word in die konteks van sy tyd wat dit geskryf is. Die kwessie van hoede dra was ’n teken van’n tydperk dat die man oor die vrou gestel is in die huwelik. Die beginsel het nie verander nie maar die teken daarvan wel. Netso het die beginsel van homoseksualisme oor die eeue geensins verander nie. Huweliksontrou, moord, vloek en homoseksualisme as beginsels het oor die eeue dieselfde gebly.

3.3.3. Die kwessie van varkvleis wat vandag deur christene ge-eet mag word, word glad nie oor geargumenteer nie. Hoekom? Omdat Christus dit duidelik in die Nuwe Testament

gestel het dat dit ’n verouderde wet is. “Dit is nie wat by die mond ingaan wat die mens onrein maak nie. Maar wat by die mond uitkom, dit maak 'n mens onrein.” Matt. 15:11. Nêrens word dieselfde van homoseksualiteit gesê nie. Inteendeel, die Nuwe Testament bevestig net wat reeds in die Ou testament gesê is. (Sien 4.2)

3.4. Daar word erken dat hierdie besluit nie in Namibië kan geld nie omdat hul landwette nie daarvoor voorsiening maak nie. Waar lê die gesag van die sinode?

3.4.1. Ja, die sinode het sy eie gesag ondermyn. Omdat hy nie meer Jesus as die “weg, waarheid en lewe” erken nie en dat die Bybel die waarheid van die Waarheid is nie, het hy homself as irrelevant verklaar. Maar net nog ’n humanistiese organisasie.

3.5. “... *die reg van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël.”.*

3.5.1. Wat ‘n lamsakkige besluit! Die sinode het nie eers die moed van sy eie oortuiging om dit as ‘n besluit deur te gee en aan te beveel nie! Geen wonder dat die NG kerk, my eie kerk, so kwyn nie. Tragies!

3.6. Die besluit staan lynreg teenoor die Gereformeerde belydenisskrifte.

3.6.1. Soos hierbo aangehaal word ook die belydenisskrifte misken. Ek as lidmaat het my geloof bely deur hierdie belydeniskrifte. Nou word ek wysgemaak dat ook hulle oudmodies is. Dit kan tog nie. Diegene wat voorstanders van hierdie besluit is behoort eerder uit die kerk te bedank en hul eie “kerk” met hul eie belydenis te stig.

## 4. Waar laat bg. redenasie ons dan met die realiteit van die dag?

4.1. Ons bely dat die mens in sonde ontvang en gebore word. (“Ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaai toe my moeder swanger geword het. Ps. 51:7) Niemand is onskuldig nie. (“Almal het afgedwaal, die laaste een het ontaard; daar is niemand wat goed doen nie, selfs nie één nie. Ps. 14:3)

4.2. Sonde is deel van ons wese. Homoseksualiteit is net so ‘n sonde soos enige ander – moord, ontug, leuens ens. Maar as christen kan en mag ons nie toegee aan ons sondige drifte nie. Daarom leer die Heidelbergse Kategismus dat ons moet weet hoe groot ons sonde is; hoe ons daarvan verlos kan word; en hoe ons dan ’n lewe van dankbaarheid moet leef.

4.3. Net soos ‘n ongetroude persoon selibaat moet leef, so moet ’n homoseksuele persoon selibaat leef. Daar is geen verskil nie! Daarom kan die kerk nie oogluikend toelaat dat sy lidmate in sonde leef en bly leef nie.

4.4. Net soos wat die kerk ’n plig het om om te sien na sy naaste, die prostituut, die werksku persoon, die ontugtige, net so moet die kerk ook omsien na die homoseksuele persoon. Die wet van die liefde van God ons Vader geld steeds.